S.A. Holstein

141 President Reitz Avenue / Laan • Hydropark 2 • Westdene
Box / Posbus 544 • Bloemfontein • South Africa / Suid Afrika • 9300

Tel: 051 4479123 • Fax / Faks: 051 4304224
email / epos: info@saholstein.co.za • website / webadres:www.saholstein.co.za

28 November 2011

Geagte Holstein Produsent

As die bewaarder van die Holstein ras in Suid-Afrika skryf ek hierdie brief om u in te lig van die onlangse ontwikkelinge wat plaasgevind het en wat 'n positiewe impak sal hê op die Holstein ras in Suider-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse Holstein ras is lid van die World Holstein Federation (WHFF) wie die mandaat besit om die ras oor die hele wêreld te bevorder en te beskerm. Met dit in gedagte, is daar 'n aantal belangrike ontwikkelings oor die laaste paar maande wat u as produsent, stoet of kommersiële, van bewus moet wees:

Dit is baie belangrik dat SA Holstein produsente slegs een BLUP BTW analise ontvang vir Suider-Afrika. Die Suid-Afrikaanse Holstein Genootskap (SAHS) sal, in samewerking met die Landbounavorsingsraad (LNR), die Universiteit van die Vrystaat (UV) en die Australiese Dairy Herd Improvement Scheme (ADHIS), wie almal samewerkende vennote is, 'n genetiese evaluasie bied aan alle Holstein produsente.

Vir die rekord, ADHIS was die heel eerste instansie in die wêreld om 'n BLUP stelsel te implementeer wat alle manlike en vroulike diere in staat gestel het om BLUP BTWs (die dier model genoem) te ontvang. Hulle was ook een van die eerste om die "toets" dag model in te bring om hulle in staat te stel om beter rekening te hou van die wisseling in 'n omgewing tussen toetsdae en gebruik te maak van die ontwikkelde rekords. ADHIS bereken nou op ‘n roetinebasis die Genomiese BTWs vir Holstein melkbeeste en die navorsing agter genomiese BTWs is verder gevorderd in vergelyking met baie ander ontwikkelde lande in die wêreld. Dr Kon Konstantinov, 'n senior personeellid by ADHIS was ‘n hoogs gerespekteerde navorser in Suid-Afrika en sy persoonlike bydrae in Suid-Afrika was om die BLUP analise te vestig vir die tipe eienskappe.

Die SA Holstein Genootskap sal voortgaan om met ons Nasionale Regering en die LNR saam te werk tot voordeel van die telers in Suid-Afrika. Die BLUP evaluering sal 'n gesamentlike onderneming tussen die LNR en die ADHIS word en ons is in die proses met die ondertekening van 'n memorandum van verstandhouding met die LNR vir verdere samewerking.

Die Suid-Afrikaanse Holstein Genootskap is die bewaarder van alle stamboom en tipe data wat nodig is vir 'n omvattende ontleding. Dit sluit ook graad en stoetdiere in. **ENIGE ALTERNATIEWE BLUP EVALUASIE SAL NIE GEëNDOSSEER WORD DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE HOLSTEIN GENOOTSKAP OF WORLD HOLSTEIN FEDERATION NIE.**

Die Genootskap, as bewaarder van die Holstein ras, moet in beheer wees van hul eie lot om sodoende die ras te laat floreer en 'n wêreldleier te bly. Ons sal dit graag wil doen, met u samewerking en die regering en LNR se ondersteuning.

...2/

Suiwel opnamestelsel en monster versameling: Vir u as ‘n Holstein produsent, is daar ‘n aantal alternatiewe opsies. Dit is belangrik dat u voortgaan om die laboratoriums en monster versameling agentskappe te ondersteun. Die Suid-Afrikaanse Holstein Genootskap het onlangs sy eie suiwel opnamestelsel genaamd, Dairy Express, beskikbaar gestel aan alle melkprodusente in Suider-Afrika. Die infrastruktuur en instandhouding van Taurus, Lionelsvet, NIQL en LNR is in plek en hulle het onderneem om die nodige data en vervoerdienste te verskaf met dié stelsel. Fakturering sal voortaan direk deur die Genootskap uitgereik word. Die verskeie kostestrukture en verslae van Dairy Espress sal voorsien word in ‘n aparte skrywe. Meer besonderhede oor Dairy Express is beskikbaar op die webblad: http://www.dairyexp.co.za.

Die Genootskap het oor die jare bewys dat dit beskik oor die nodige infrastruktuur om 'n omvattende diens te lewer aan alle Holstein produsente in Suider-Afrika.

As daar enige navrae is, moet asseblief nie huiwer om Mnr Herman Duvenage te kontak op 082 572 7309 of myself op 082 323 4286. Die e-posadres is herman@saholstein.co.za.

Die uwe

STEPHEN MAINS-SHEARD
PRESIDENT